

‘Lewensreg’ skep net verwarring – kry kundiges se raad

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek wil na aanleiding van ’n leser se vraag vandag stilstaan by die sogenaamde lewensreg wat in testamente geskep word.

Sy skryf haar pa skep in sy testament ’n “lewensreg” vir sy (tweede) vrou oor ’n woonhuis. As sy die dag sterf, of

weer trou, gaan die huis na sy kinders.

En glo my, soos ek oor vruggebruik ’n paar weke gelede gewaarsku het, is die arme ou in hierdie geval nog nie eens dood nie en die twee groepe kinders is al in mekaar se hare.

Die tweede vrou se kinders wil hê dat die pa se kinders die onderhoud en selfs die water- en elektrisiteitsrekening betaal terwyl hul ma daarin woon (die lewensreg het), “want hulle erf uiteindelik die huis”. En sou die stiefma die huis kan verhuur en die inkomste in haar sak steek?

Laat ek eers twee stellings maak. Daar is nie so iets soos ’n “lewensreg” nie. Op sy beste is dit ’n soort versa-

melnaam vir wat bekend is as beperkte regte. En dan, ai tog, die alewige “totdat sy weer trou”. Dit irriteer die hel uit my uit. Dit dui vir my op ’n skewe siening van vroue as sou hulle altyd afhanklik van mans moet wees. Die siening van nee wat, sy hoef nie te leer nie, sy hoef nie te werk nie, sy moet net vir haar ’n “goeie” man kry. Behoede my twee kleindogters van hierdie oertydse, meerderwaardige, seksistiese benepenheid.

Maar laat ek anderdag weer hieroor stoom afblaas. Vandag kyk ons na beperkte regte. Wat behels die verkreeë reg en waar rus die verpligtinge?

Synde ’n lewensreg nie bestaan nie,

moet ek afleidings maak. En dis ook waar die verwarring met die vertolking van testamente inkom en hoekom so baie erfgename eers ’n draai in die hof gaan maak. Die lewensreg kan óf vruggebruik óf gebruiksreg (usus) of woonreg (habitatio) wees. En daar is hemelsbreë verskille.

As die bedoeling is dat die stiefma vruggebruik sal hê, het sy die volle gebruik van die “vrugte” van die eiendom en kan sy dit vir ’n inkomste verhuur, terwyl die pa se kinders die blote eiendom erf, maar in werklikheid niks daarmee kan maak totdat stiefma dood is nie. En as sy ’n nuwe man ontmoet, kan hy net by haar intrek. Hulle hóéf

mos nie te trou nie.

Op haar as vruggebruiker rus die plig om die plek in stand te hou in die toestand waarin sy dit gekry het, nie op die pa se kinders nie. Wat betref die water en ligte betaal, dis snert. As sy dit gebruik, moet sy dit betaal (en dis my siening).

’n Gebruiksreg of woonreg is meer beperkend as vruggebruik. As gebruiker sal sy net die “vrugte” kan gebruik wat sy daagliks benodig, niks meer nie. Sy sal dit nie kan verhuur nie.

’Woonreg bied die reg om die eiendom te bewoon, maar sy het geen ander regte nie. Anders as met ’n gebruiksreg, sou sy wel die eiendom kan

verhuur. Sy sal self moet opdok vir krag en water.

Hierdie is kortliks die verwarring wat kan ontstaan.

Kry liewer kundiges om jou testament op te stel en wees duidelik oor wat jy bedoel.

En moenie jou vrou se lewe uit die graf uit ook nog probeer reël nie.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa.**

Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen